

Inhoud Hierdie preek wys dat God se teenstand teen ons sowel as ons vyandskap teen God in Christus se begrafnis finaal deur God beëindig is. Daardeur skep God 'n vrede tussen hom en ons waar die werke waarvoor Hy ons voorberei het weer ons vreugde en ons lewe is. God maak ons nooit sy goeie werkers nie maar sy geliefde kinders wat met die goeie werke van hul Vader saam met Hom in sy skepping besig is. Só beëindig Christus ons vyandskap teen God waar ons sy aanstelling tot goeie werke opeis as ons magsposisie en hom van sy werke ontnem.

Skriflesing Romeine 5: 1 en 10; Efesiërs 2: 1 - 10

Teks Efesiërs 2:10 "Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke, wat God voorberei het, te doen en daarvolgens te leef."

Tema Christus maak dat ons goeie werke doen

1. Hoe verander God ons lewenswyse deur ons vyandskap en sy teenstand in Christus te begrawe?

Ons het verlede week gesien dat dit is wat Christus met Hom in sy graf gevat het en finaal beëindig het: ons vyandskap teen God en God se teenstand teen ons.

Daarom stel Paulus dat daar nou vrede tussen God en ons is in Jesus Christus. God het ons, terwyl ons onself nog gesien en gedra het as God se vyande, Homself as ons teenstander gedraai tot ons hulp en krag. Só het God homself met ons versoen en vrede geskep tussen Hom en ons. (Rom. 5: 1, 10)

Dit is tog onmoontlik dat 'n lewe waar ons God se vyande was en God ons teenstander net kan aangaan soos dit was nadat God hierdie vyandskap en teenstand begrawe het. 'n Lewe in en met se vrede kan nooit maar net dieselfde wees as 'n lewe met vyandskap teen God wat ons teenstander is nie.

Om hierdie nuwe lewenswyse in God se vrede te ontdek, moet ons net weer kyk na die aard van God se optrede teen mense wat volgens hulle geaardheid God se vyande is.

Mense se vyandskap teen God maak nooit dat hulle in 'n magstryd met God gewikkel is nie. Daar kan nie so iets soos 'n magstryd tussen God en mense wees nie. Nêrens in die hele Bybel is daar iets soos God wat sy mag moet beskerm en handhaaf teen mense of engele wat sy mag as Skepper bedreig nie. Daarom is die verwysing dat God vyandig sou wees teen sy skepping of mense asof hulle sy mag bedreig totaal afwesig in die hele Ou en Nuwe Testament.

Die vrede wat God tussen Hom in sy kinders skep, is nie 'n skikking oor mag na 'n magstryd tussen God en mense nie. Dit is di vrede dat God nie meer ons teenstander is nie, maar ons hulp en krag. Die wyse waarop God ons vyandskap teenstaan is ook nie 'n magstryd of bakleiery van God se kant af nie. Die profeet Esegïël beskryf God se teenstand op die vyandskap van volk teen Hom op hierdie besondere wyse: wanneer sy volk Hom net nog 'n afgod maak soos ander afgode en hulle kom dan na God vir hulp en krag, sal God hulle teenstander wees deur vir hulle die afgod te wees wat hulle van Hom maak. Hy sal as God afsydig en ontoeganklik

Christus maak dat ons goeie werke doen

wees sodat hulle van Hom ook niks kan hoor net soos 'n afgod en hulle dan in hulle eie waanbeelde en begeertes waarin hulle wysheid, leiding, krag en hulp soek.

God se teenstand is om in sy hulp en krag vir sy vyande afwesig te wees en hulle aan hulle eie godsbeelde oor te gee. God word nooit 'n vegter of bakleier met sy vyande nie.

2. Ons het verlede week in Johannes 15 gesien dat die kontras is nie ons wat God se vriende is teenoor hulle wat God se vyande is nie. Die kontras is ons wat sy vriende is teenoor alle ander wat sy slawe is.

Mense wat in vyandskap met God leef, is God se slawe, nie sy vyande nie.

Dit sien ons in besonder in die tipe vrede wat God skep wanneer Hy sy teenstand teen ons en ons vyandskap teen Hom in Christus se begrafnis finaal beëindig. Die tipe vrede wat God skep word in Efesiërs 2: 10 só verwoord: "Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen en daarvolgens te leef."

Die tipe vrede wat God vir ons skep is arbeidsvrede! Om tevrede arbeiders te wees wat ywerig besig is met goeie arbeid vir hulle werkgever! (Titus 2:14)

Ons vrede met God is om die goeie werke wat Hy vir ons voorberei, het te doen en daarvolgens te leef.

Die goeie werke wat God vir ons hier voorberei het is nie welsynswerk, liefdadigheidswerk of vrywillige gemeenskapsdiens nie. Só asof Christene se ou lewe 'n lewe net vir hulle persoonlike belange sou wees en hulle nuwe lewe nou 'n lewe van welsynswerk en gemeenskapsdiens sou wees!

Dit is nie die verandering in lewenswyse wat God se vrede in ons te weeg bring nie.

Die goeie werke waarvoor God ons voorberei het, is deur ons as mense te maak met die al die gawes en vermoëns om mens in sy skepping te wees. Alles wat ons saam met mense doen, en as werk vir mense doen in die gewone daaglikse lewe, is die goeie werke waarvoor God ons geskep het. Daarom is alles van kosmaak, skottelgoed was, huis skoonmaak, tuinmaak, kinders kry en grootmaak, tot alles waarmee ons 'n inkomste verdien, die goeie werke waarvoor God geskep het.

God het ons voorberei om só mens te wees in sy skepping!

3. Die kontras tussen waarmee mense besig is in hulle vyandskap teen God teenoor waarmee mense besig is wie in God se vrede leef, wys in die kontras van dit wat Paulus in Efesiërs 2: 1 – 10 noem die seuns van ongehoorsaamheid en ons wat in Christus Jesus geskep is om die goeie werke wat God ons voor voorberei het te doen en daarin te leef.

Die seuns van ongehoorsaamheid se vyandskap teen God is dat hulle dood is vir die goeie werke waarvoor God hulle bestem het en Christus hulle in herskep het.

Dood vir goeie werke besig met 'n lewenswyse volgens die heerser oor die mag van die lug.

Christus maak dat ons goeie werke doen

Ons kan hierdie teenstelling toelig met 'n voorbeeld wat vir ons hier in Levubu elke dag 'n werklikheid is: die vyandskap van hulle vir wie ons werk voorsien, teen ons wat vir hulle werk voorsien!

Toe ek in 1985 hier aangekom het, het 'n oom Leo van Schaik hierdie werklikheid met 'n grap verduidelik wat die meeste mense vandag ken. Dit klink só! 'n Man kom by 'n boer en vra of die boer nie vir hom 'n "job" het nie. Die boer staan so rukkie en dink en sê dan, "Ja, ek dink ek het vir jou werk. Daar moet daar onder langs die rivier skoon gemaak word, daar is skoffelwerk daar by die bome en daar moet 'n lomp bome gesaag word, ek het vir jou werk." Hierop antwoord die persoon toe: Nee, meneer, meneer verstaan nie. Ek soek nie werk nie. Ek soek 'n "job".

"Ek soek 'n aanstelling maar ek soek nie 'n werk nie."

Jy moet hulle aanstel in jou besigheid en onderneming Jou aanstelling in 'n werksposisie maak hulle 'n magsposisie waarmee hulle jou hulle vyand maak en teen jou as vyand veg vir hulle regte.

Hulle nader jou met 'n skyn vrede dat hulle graag werknemers wil wees, maar dit is net 'n dekmantel vir hulle stryd lustigheid en oorlogsmentaliteit dat hulle van jou as hulle werkgewer wat hulle met werk help, hulle vyand gaan maak.

Jy is hulle hulp en krag om 'n werk te kry en deur hulle werk versorg en selfstandig te kan wees, maar hulle gaan nie werk nie, maar jou beveg as hulle onderdrukker omdat jy wil hê hulle moet die werk doen wat hulle voor gevra het.

Hulle maak hulle self bevryde werkers wat beteken hulle is nou in beheer van jou onderneming en jy werk vir hulle. Hulle het die aanstelling, die "job" en jy doen die werk. Jou onderneming is nou die bron om hulle luste en begeertes uit te leef terwyl jy die werk moet doen as werkgewer.

4. Kom ons kyk weer na die Woord van God se beskrywing van die seuns van ongehoorsaamheid in Efesiërs 2!

Wanneer Paulus hier praat van hulle besele lewenswyse waarin hulle opgetree het volgens hulle begeertes en sondige aard en sommer net doen wat in hulle gedagtes opkom, dan klink dit maklik vir ons asof hy hier 'n klomp leegleërs en niks nutte.

Dit is egter alles behalwe die waarheid. Paulus beskryf hier die Grieks-Romeinse gemeenskap as gemeenskap in sy geheel.

In hierdie gemeenskap het is mense dood vir God! Dood vir die goeie werke waarvoor God hulle voorberei het as Skepper. Hulle sien geen posisie in die gemeenskap as 'n werk aanstelling deur God as Skepper nie. Hulle sien hulle self nie as mense wat gemaak is vir die goeie werke waarvoor God hulle voorberei het nie. Hulle sien hulle self as mense wat deur hierdie werksposisies en werkseleenthede wat God skep, magsposisies kry waarin hulle hul posisie kan gebruik om hul begeertes te bevredig en te doen net wat in hul gedagtes opkom.

Dit is mos net hoe goddeloosheid werk. In goddeloosheid sien mense die geleentheid om te boer met die talente wat hulle het om te boer nie as 'n werksaanstelling deur God om vir god 'n boer te wees in sy skepping met die

Christus maak dat ons goeie werke doen

geleentheid wat Hy gee om vir Hom te werk nie. Mense soek nie werksaanstellings deur God in sy skepping nie. Hulle soek 'n "job".

Wat maak mense met God se werksaanstellings om 'n boer, onderwyser, klerk, personeelbestuurder, voorman of toesighouer te wees?

Dood vir God, beteken dat mense wat as werknemers deur God aangestel is, word die baas en God word die werknemer! Dit is hoe mense van God 'n afgod maak! Hy moet werk en sorg vir sonlig, reën, groeikrag en al die regte insekte op die regte tyd, want dit is net sy werk, en ek is die baas van my plaas, nie werknemer in God se skepping nie.

5. Kan u nou hoor wat bedoel Paulus met die bose lewenswyse van die seuns van ongehoorsaamheid, die gees wat aan die werk is in hierdie seuns van ongehoorsaamheid?

Die boosheid is nie magiese magte en kragte nie. Die boosheid is dat mense wat God voorberei vir goeie werk in sy skepping, sy onderneming en besigheid, hulle self aanmeld as werkers maar sodra hulle 'n aanstelling deur God kry, is Hy die klaas en hulle die baas!

Dit is die diepste vyandskap in die gemeenskap teen God!

Jou onderneming, die skepping, is daar vir ons en ons begeertes en jou aanstelling in jou skepping as werkers, is ons magsposisie om jou die klaas en ons die baas te maak.

Dit is mos boos! Net so boos soos hulle wat by ons kom vra vir werk en dan ons werkgeleentheid vir hulle gebruik om ons aan hulle drifte en begeertes te onderwerp.

Wat word bedoel met die heerser van hierdie gees, hierdie gees in die seuns van ongehoorsaamheid wat God klaas maak in sy eie onderneming en hulleself die baas maak in God se onderneming? Dit is die Duiwel!

Nou moet u nie weer dink aan magiese kragte en magte nie. Dit gaan oor die waanbeeld van die Duiwel dat God jou afgod sal wees: jy sal god klaas maak in sy skepping en jy sal baas wees in God se skepping.

God se vyande! Werkers wat die baas is!

6. Hoe tree God op teen hierdie vyandskap van sy werkers teen Hom?

Hy word nie net nog 'n arbeider of magtelose wat met hulle baklei nie. Wat doen boere met werknemers wat sy vyande word en nie meer sy goeie werkers wil wees in die poste waarin hy hulle aangestel het nie?

Jy bly sy werkgewer en word nooit jou arbeiders se werker nie! Jy word nou net hierdie vyandige arbeiders se teenstander. Jy is nie meer hulle hulp en krag nie. Jy gee nie meer huisvesting, lenings, vervoer, mediese hulp en ondersteuning nie. Hulle moet nou vir hulle self sorg terwyl jy die werkgewer bly en hulle gaan ontslaan as hulle nie presies doen wat jy vir hulle sê nie.

Christus maak dat ons goeie werke doen

Dit doen jy terwyl jy hulle in die waan laat bly leef dat jy nou in hulle diens is, maar vir jou hulp en krag is jy vir hulle ontoeganklik en afsydig!

Dit is hoe god se teenstand teen die mens se vyandigheid aankondig in Esegïel 14: ek sal vir julle los om te dink Ek is die afgod wat julle opmaak in julle eie gedagtes terwyl Ek julle in ellende sal laat verval dat julle sonder my hulp en krag vir julle self moet sorg, en só sal julle in ellende leef.

7. Kom ons vra nou weer die vraag: “Hoe verander God ons lewenswyse deur ons vyandskap en sy teenstand in Christus te begrawe?”

Kan ons maar net nog mense bly wat die werk waarvoor God ons voor voorberei het in sy skepping, deur ons die mense in ons moederskoot te maak wie ons is, en die werksgeleenthede te skep wat in sy skepping daar is, wil kry sodat ons van die magposisies kan maak waarin ons God die klaas en onself die baas wil maak?

Dit kan mos nie wees dat God sy teenstand en ons vyandskap in Christus begrawe en die arbeidsonrus tussen ons en God gaan maar nog net aan en aan nie!

Wat van ons is só saam met Christus begrawe in sy graf dat daar nooit weer arbeidsonrus tussen ons as gelowiges en God kan wees nie?

U moet weer na ons teksvers kyk!

“Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef!”

Ons is in Christus geskep om goeie werke te doen en te leef vir die goeie werke wat ons doen. Die bedoeling van hierdie vers word duidelik wanneer ’n mens sien wat nie in hierdie vers taan nie. Hier staan nie dat die Here ons “goeie werkers” maak nie. Christus maak dat ons weer besig is met die goeie werke waarvoor God ons gemaak het en maak ons mense wat leef vir hierdie goeie werk vir God, maar Christus maak ons nie God se “goeie werkers” nie.

8. Hierdie afwesigheid van “goeie werkers” in hierdie teks is vir Paulus nie sommer net toevallig nie. Ons kan nooit God se “goeie werkers” wees nie. Paulus wys hoe ons ywerig word in goeie werke in Galasiërs 4: 4 – 7: “maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ’n vrou, gebore onder die wet sodat hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy kinders aangeneem kon word. En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader!” Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam deur God.”

Wie die goeie werk op plase en leef daarvoor om goeie werk op ’n plaas te doen? Wie werk só: ek wil hierdie werk doen, want hierdie is vir my goeie werk, en dit is my lewe?

Wie leef só op ’n plaas? Arbeiders? Waar gaan jy ’n arbeider kry wat só werk?

Kinders! Die kinders van die boere werk só! Ons sien dit in alle bedrywe. Hoekom werk hierdie jongmense só? Want hulle is erfgename! Die besigheid is hulle s’n. Hy is ’n seun! Sy is ’n dogter!

Christus maak dat ons goeie werke doen

Hulle is nie arbeiders, werkers nie. Hulle is erfgename van die onderneming deur erflating! Daarom werk kinders so goed en is hulle werk hulle lewe!

Wat van wie en wat ons is, is saam met Christus in sy graf begrawe?

Die arbeider, die slaaf wat ek vir God moes gewees het. Jy kan nooit weer God se arbeider wees nie. Want dit is wat God met sy teenstanders doen: Hy maak hulle sy slawe. Omdat God ons arbeiderstatus en lewe in Christus vir altyd begrawe het, kan ons nooit op enige manier weer God se werkers wees nie. Alles wat ek as God se arbeider moes wees, in saam met Christus in sy graf begrawe en kan nooit weer opstaan uit die graf nie.

Ek is kind van die Skepper, God my Vader omdat hy my voorberei het en in Christus so ingesluit het dat ek vir Hom weer die werke kan doen waarvoor Hy my gemaak het. Nie welsynswerk, liefdadigheid of gemeenskapswerk waar ek papiere moet optel in townships nie – maar die werk waarvoor God my in my gene voor voorberei het en waarvoor Hy in die wêreld vir my geleenthede skep.

God het my as kind aangeneem sodat ek weer saam met my Skepper kan werk aan die werk waarmee Hy in sy skepping mee besig is.

9. Dit is ons verlossing en dit is mos vir ons waar. Voel u: “Ek is die Here se arbeider, sy werker?”

Die oomblik wanneer jy dit dink, maak jy jouself God se vyand, want dan gaan jy dink soos God se vyand!

“Die Here gee vir ons nie genoeg reën nie, en ek moet myself nou doodwerk!” “Die Here moet nou vir my ’n beter pos gee, ek kan nie meer net hier vir hom werk nie!”

Arbeider!

“Ek gaan ophou om vir die Here te dien en kerk toe te gaan, want kyk wat doen die Here! Ek gaan staak!”

Arbeider!

Dit is mos niks anders as vyandskap teen God nie, maar ons, ons kan dit nie doen nie. Want ons is nie arbeiders nie. Die Here het my nie sy goeie werker gemaak nie. die Here het my sy kind gemaak. Dit is volgens Paulus se verskil tussen slawe en kinders, hoe god ons sy kinders gemaak het, ywerig in goeie werke – hoe kan ’n mens ooit van ’n opstandige werker ’n goeie werker maak of iemand maak wat lus is om te werk? Hoe kan ek ooit van hom iemand maak wat saam met my besig wil wees?

Weet u wat doen jy met só ’n arbeider?

Jy neem hom aan a jou kind! Kan u hoor wat die Here met u gemaak het? Hy het vir jou nie kom sê ek gaan vir jou beter voordele gee, ek gaan jou beter beloon, ek gaan so bietjie terugstaan en dan kan jy doen wat jy goeddink nie, nee, hy neem jou aan en nou is jy sy kind! Volgens die Here se woorde in Johannes 15: nou is jy nie my slaaf nie, maar my vriend!

Christus maak dat ons goeie werke doen

Só verander die Here jou lewe van vyandige werker na iemand ywerig in goeie werke? Deur my arbeiderstatus te begrawe! Hierdie werk wat ek nou doen, die Here het my daarvoor voorberei en ek is erfgenaam van die skepping, saam met God!

Waarmee gaan ek myself besig hou?

Ek gaan myself besig hou met die goeie werke waarvoor God my gemaak het. Dit is my lewe om vir God te doen waarvoor hy my gemaak het. En dit is die lewensverandering wat God in my bewerk deur my saam met Christus te begrawe.

10. Die vraag waarvoor ons dus staan is of jy nog steeds leef met die status en mentaliteit van 'n arbeider van God, na Hy jou saam met Christus begrawe het en sy kind gemaak het?

Kan dit waar wees dat jy nog oor God dink soos 'n arbeider na Hy jou as sy kind aangeneem het?

Hoe kan 'n kind wat saam met sy pa en ma se besigheid werk, met hierdie arbeidershouding werk: ek sal julle nog wys wie is baas op die plaas? Dit kan mos net nie! "Ek gaan vir God wys wie is baas, ek kan sonder Hom boer!" Jy is dan mos 'n arbeider in vyandskap met God. Jy baklei met Hom wat jou vir hierdie werk voorberei het, jou sy kind maak wat sy erfgenaam is om saam met hom te werk! Hoe kan jy soos 'n arbeider bly dink?

Net op een manier! Jy glo nie jou arbeidersposisie by God is in Christus begrawe nie. dit is mos al hoe jy teenoor God nog soos 'n arbeider kan dink en werk! Hoe kan jy staak: "ek doen dit nie meer vir God nie!" Hoe kan jy staak: "Ek leef nou net vir myself!" Hoe kan jy dit doen? Jy is God se kind! Hoe kan jy met hierdie gedagtes en houding teenoor God besig wees as Hy jou sy kind gemaak het?

11. Aan watter vakbond behoort die kinders wat saam met hul pa's boer?

Daar is nie só 'n vakbond nie! Hulle is erfgename!

Ons kan nie saam in groepe vergader met gebedsbyeenkomste met die houding teenoor God: "Gee nou dit!", "Doen nou dit" en "Maak nou só!" want jy kyk nie goed na jou arbeiders nie!

Ons as kerk is nie 'n vakbond teen God nie. Hy is ons Vader! Wanneer dit met ons swaar gaan trek ons nie 'n vakbond op God nie. Ons hou nie gebedskettings, gebedslyste en massabyeenkomste op paviljoene teen God nie. Dit is wat arbeiders doen.

Wanneer ons swaar kry. Kry ons swaar saam met god wat ons Vader is en sy skepping bestuur volgens sy raadsplan waarby ons ingesluit is as sy kinders. Daarom werk ons ywerig in swaarkry omdat ons weet binne sy raadsplan waarvan die uitkoms ons erfenis is, is dit nou net 'n tyd van swaarkry.

Watter erfgenaam soek 'n salaris?

Christus maak dat ons goeie werke doen

Dit werk mos maar net so dat kinders nie salarisse vat nie omdat hulle alles terug sit in die besigheid in, net solank hulle kan leef en versorg is. Arbeiders gee niks om vir die besigheid nie. Hulle soek beloning!

Hoe werk jy saam met God?

Ek soek 'n beloning by God! Die Here moet vir my beter sorg! Of werk jy sonder salaris by God: ek doen hierdie goeie werk want dit is my vreugde en my lewe! Ek leef daarvoor! Ek is sy kind, sy erfgenaam.

Kan u die verskil hoor? Ons arbeidersposisie by God, slawe, werkers, is begrawe. Toe Christus begrawe is, het hy daardie arbeider wat ek vir God moes wees, begrawe. Daarom is daar arbeidsrus tussen ons en God, vrede. Werk vreugde van kinders wat ywerig in goeie werke is.

Dit is hoe God vrede geskep het met werk: deur ons as sy kinders en erfgename aan te neem.

Wie van u kan met vrymoedigheid opstaan en sê: “Vanoggend kan ek opstaan een weer saam met die Here werk in sy skepping. Hy het my vir hierdie dag se goeie werk voorberei en ek het so klein tydgleuf binne sy skepping om saam met Hom te werk.”

Of staan u só op? “Ek bid dat Hy vir my beter goed sal gee en as Hy dit nie gee nie sal ek nie kerk toe gaan nie. Ek bid dat Hy my omstandighede sal verbeter en as Hy nie my omstandighede verbeter nie, dan sal ek staak – ek gaan ophou bid.

Wat maak jy? Glo jy nog dat jou arbeidersposisie kan nooit uit Christus se graf opstaan nie, of glo jy nie meer in wat begrawe is nie? Ons is losgekoop van ons slawe posisie. Ons is kinders van God.

12. Wat doen arbeiders? Hulle organiseer vakbonde! Vanaf die sewentiger jare het daar iets snaaks in ons land begin gebeur. Dominees het hulle eie kerke begin. Sê weer? Dominees het kerke begin! Hulle eie kerke!

Maar die Here het dan die kerk begin met die uitstorting van die Heilige Gees. Die kerk is die Here se kerk. Kan u hoor wat doen hierdie dominees? Hulle maak soos arbeiders: “die Here moet my aanstel as sy prediker, en ek gaan leer, ek bid en ek is gedienstig tot die Here vir my 'n pos gee, dan vat ek die werksposisie en maak dit my magsposisie om sy kerk te vat en my kerk te maak.

Wat doen hierdie prediker? “Here ek soek 'n job, maak my 'n dominee, ek so 'n job.” en as die Here hom dan aanstel, dat vat hy die Here se kerk en maak dit syne en die Here die een wat sy kerk wat hy vir homself begin het moet aan die gang hou. Vir wie? Watter mense sluit by só 'n kerk aan? Arbeiders! Mense wat só leef en dink: “Dit is my plaas, my besigheid, my vrou, my man, my kinders, my land en my mense.” 'n Vakbond vir arbeiders!

Dis mos sommer net 'n klomp nonsens!

'n Dominee wat sy eie kerk begin! Die Here het sy kerk begin en 'n dominee kan sy werk in die kerk van die Here opneem as sy vreugde dat Hy 'n kind van die Here is

Christus maak dat ons goeie werke doen

wat ywerig is met goeie werke. Soos dit elke lidmaat se vreugde is om ywerig besig te wees met die goeie werke waarvoor hulle voorberei is en deur Christus weer herskep is. Want is hierdie kerk is arbeiders begrawe in die graf van Christus.

Ons is kinders van die Here! Ons werk is ons vreugde en ons lewe. Want ons erf God se skepping as kinders saam met ons Vader!